Maandag **27 Mei**

**Skrifgedeelte: 2 Petrus 3:1-18 (AFR83/2020)**

**Fokusgedeelte: 2 Petrus 3:11-13**

**Volhard standvastig deur geloofsgroei in julle verwagting op die Here se dag wanneer hy alles gaan nuut maak**

Die spotters sê: Niks verander nie, die wêreld bly boos. Wat help jou geloof? Die verganklikheid heers. Hulle vergeet: Soos God die wêreld geskep het, het Hy dit ook verdelg in die sondvloed. Dinge het nie maar dieselfde gebly nie. En die spotters en die verganklike hemel en aarde van vandag met al die goddelose mense is bestem vir die vuur op die dag dat die goddelose veroordeel en verdelg sal word. Elke reënboog is die Here se teken en herinnering daaraan. Alles gaan nie maar net dieselfde bly nie. God se tyd is nie ons tyd nie (vs 8). In sy geduld wil Hy eers al sy kinders bymekaar maak. Ons praat van sy genadetyd.

Maar die dag van die Here gaan kom – onverwags. Alle dinge gaan tot ’n einde kom!

Onthou, dink helder (vs 1) aan alles wat die profete en die apostels aan ons oorgedra het: Die Here se woorde (vs 2, 15-16). Profete verkondig die verwagting (vs 12) om te bemoedig, aan te spoor, die hoop lewend te hou.

Moenie dat die spotters en die voortdraal van boosheid om ons en versugting in ons, die verwagting van ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde verdoof nie. Ons leef in verwagting, afwagting, hoop.

Kom ons vat Petrus, as apostel ’n Nuwe-Testamentiese profeet, se wekroep op grond daarvan dat ons in verwagting leef, saam:

- Vers 14: Beywer julle om vlekkeloos en onberispelik, in vrede met God te lewe.
- Vers 17:Wees op julle hoede dat julle nie, hetsy deur dwalings of omstandighede, van julle standvastigheid beroof word nie.

Hoe?

- Vers 18: Sorg dat julle steeds toeneem in die genade en kennis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus. Hy is in heerlikheid! Met ander woorde: Bly in gemeenskap met Hom. Die middel wat Hy ons daarvoor gegee het, is sy Woord en die gemeenskap van die heiliges.

*Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2; 15-7: 4, 5, 6; 18-7: 1, 12*

*Ds. J (Jan) Malan (Emeritus)*